**Maandag 6 Augustus**

| Skrifgedeelte: 1 Timoteus 2:1-7 | Fokusgedeelte: 1 Timoteus 2:5-6 |
|---|---|

# Christus Jesus, ons enigste Middelaar, het die losprys betaal

God wil hê dat alle mense gered word en kennis van die waarheid sal hê (:4). Redding uit die ellende van die sonde, en waarheid omdat leuens mislei.

Dit was vir die apostel Paulus sy dryfkrag “om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid” (:7). Die hoofinhoud van die boodskap is Jesus Christus. In Hom is die waarheid, en Hy is die enigste weg tot verlossing.

Sy verlossingswerk word soos volg beskryf: Hy is “Middelaar tussen God en die men-se”, en die een “wat Homself as ’n losprys vir almal gegee het” (:5-6).

*Middelaar* – Die mensdom het deur sonde in ellende beland. Van God vervreem, gevangenes van die Bose, sonder hoop, sonder toekoms. Iemand moes die brug tussen die Heilige en sondaars vorm, middelaar wees. God het in sy genade Self die Middelaar voorsien. Hy moes God en mens wees, die volmaakte skakel tussen twee partye – God in die hemel en die mense op aarde.

*Losprys* – Hy wat sondig, sal sterwe, so het God gewaarsku. Om verlos te word, moes ’n losprys in die plek van die skuldiges betaal word. Sterwendes kan nie vir ander die prys betaal nie. Die Middelaar kon, want Hy is ewig God, die lewende, die heilige. Hy het mag oor die dood. Omdat Hy mens geword het, maar sonder sonde, was Hy uitnemend geskik om die losprys te betaal.

Dit is die waarheid: Elkeen wat in Hom glo, die Middelaar en Losprys, kry volledig deel aan die verlossing. Wat ’n troos!

*Sing: Psalm 49-2:1, 2*

*Dr. WC (Callie) Opperman (Emeritus)*